# Die *Vrije Universiteit*, Nederland en Suid-Afrika: ‘n Aantal Publikasies en Perspektiewe

**A.Th. van Deursen,** ***Een Hoeksteen in het Verzuild Bestel. De Vrije Universiteit 1880-2005***
Uitgeverij Bert Bakker, Amsterdam, 2005
502 pp
ISBN 90 351 2867 2
€29.95

Organisasies en instellings publiseer graag by historiese geleenthede praguitgawes van gedenkboeke. Dit is bedoel as promosiemateriaal en besing gewoonlik die lot en prestasies van die betrokke onderneming. Hierdie boek van die emeritus professor in Nuwe Geskiedenis aan die Vrye Universiteit van Amsterdam (VU), is anders. Dit is ŉ indringende en kritiese studie van die ingrypende veranderinge wat die VU in die 125 jaar van sy bestaan beleef het. Dit is ŉ getuigskrif vir die VU dat dié instansie bereid is om so ŉ kritiese studie die lig te laat sien. Dit sê ook veel vir Suid-Afrika dat ŉ afsonderlike publikasie by hierdie geleentheid

aan die betrekkinge tussen Suid-Afrika en die VU gewy word. Laasgenoemde publikasie is geskryf deur Gerrit Schutte, professor in die geskiedenis van die Protestantisme en ŉ bekende wat betref historiese navorsing oor Suid-Afrika. Die boek word in ŉ afsonderlike resensie bespreek.

Van Deursen se boek handel oor die radikale transformasie van ŉ idee en ŉ ideaal wat in die stigtingsgrondslag van die VU in 1880 verwoord is. In sy verantwoording aan die begin van die boek, sê Van Deursen dan ook dat hy nie net nog ŉ boek oor nog ŉ universiteit wou skryf nie. Alle universiteite hou hulle met dieselfde twee werksaamhede besig, naamlik onderrig en navorsing. Wat die VU anders maak en daarom die gidslyn van die boek is, is die ideaal om ŉ Christelike gereformeerde relasie met die wetenskap op te bou. Die VU het met sy stigting ŉ *eie pretentie* gehad. Dit wou iets bring wat nêrens anders bestaan het nie – ŉ Christelike wetenskap. Ten spyte van aanvanklike suksesse en goeie jare voor die Tweede Wêreldoorlog en tot ŉ mate onmiddellik daarna, is die ideaal nie verwesenlik nie. Dit is enersyds te wyte aan die onvermoë van die intellektuele verbonde aan die VU om ŉ helder begrip van wat ŉ Christelike wetenskap kan of behoort te wees, te ontwikkel. Kan ŉ mens wetenskap op enige ander manier as net wetenskaplik beoefen? Onderlinge twiste tussen teoloë, filosowe en wetenskapsbeoefenaars kon nie ŉ duidelik gidslyn hieroor skep nie. Andersins het ingrypende verandering in die intellektuele en die sosiale wêreld die nut en waarde van die soeke na ŉ Christelike wetenskap onder toenemende druk geplaas. Kompromieë moes met finansiële, politieke en sosiale werklikhede aangegaan word, wat die grondslag keer op keer in die gedrang gebring het. Dit het die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat die universiteitsleiers in gedagte gehad het. In plaas daarvan dat die VU deur sy waardes die samelewing gelei en gevorm het, het die veranderende waardes van die samelewing die universiteit se grondslag verdring.

Hierdie werk van Van Deursen is ŉ besondere kombinasie van intellektuele, institusionele en sosiale geskiedenis. Eersgenoemde word in die debatte binne die akademiese geledere aangetref. Die meeste van hierdie debatte laat die polemieke aan Afrikaanse universiteite oor belangrike kwessies na kleinighede lyk. Die verhoudings geloof-wetenskap, skrifgesag-uitlegkunde, teologie-eksakte wetenskappe, en teologie-filosofie skep ŉ boeiende dialoog wat oor geslagte en lang tydperke strek. Dit is die verhaal van die geleidelike marginalisering van die oorspronklike grondslag omdat die universiteit weens groei toenemend mense moes toelaat wat nie simpatiek teenoor die grondslag

gestaan het nie. Dit is ŉ institusionele geskiedenis omdat Van Deursen met besondere indringendheid aantoon hoe groei die oorheersende maatstaf van sukses geword het. Die verbreding van personeel en studente het die demografiese basis van die VU totaal verander. Van die staat se kant is diversiteit van personeel en studente geëis. Die oopheid van die universiteit vir almal het belangriker geword as die aard en kwaliteit van sy onderrig. Waar die VU sonder enige staats- of kerksteun gestig is, het dit toenemend van staatsubsidies begin afhanklik raak. Teen 1980 was dit volledig daarvan afhanklik. Bronne vir selfstandigheid het gekrimp. Die staat het sy eise begin stel en die VU het hom in die posisie bevind dat sy moontlikhede nie meer deur homself geskep is nie, maar deur politieke korrektheid en staatsburokratisering. Dit het in die vorm van aanhoudende struktuurveranderinge, gereelde wysiging van onderrig- en navorsingsbeleid, en die skep van ŉ lomp burokrasie geskied.

Teen 2003 was 15 persent van die studente Moslems en die gereformeerdes en hervormdes ŉ klein minderheid. Sosiale veranderinge het ook beteken dat die meerderheid studente volledig gesekulariseer geraak het. Die meerderheid studente wat hulleself nog as Christene geïdentifiseer het, was aan die evangeliese kerke verbonde.

In 1999 het die burokrasie van die Europese Unie nog ŉ tradisionele kenmerk van die universiteit in die ban gedoen. Deur die Bologna-verklaring is van universiteite in die Europese Unie verwag om ŉ uniforme model gebaseer op die Britse driejarige B-, en een- of tweejarige M-gradestelsel, te aanvaar. Die VU was vinnig om dit te implementeer en die tradisionele doktoraat het verdwyn. Daarmee saam het Engels begin om die oorheersende taal van M-kursusse te word.

Die boek is ook ŉ sosiale geskiedenis wat op ŉ pakkende wyse uitbeeld hoe die studentegemeenskap in die tydperk 1969 tot 1980 van ŉ tradisionele behoudende groep in ŉ rewolusionêre versetgroep verander het. Rewolusie in seksuele verhoudinge, die bevraagtekening van die grondslag van die universiteit, die opkoms van feminisme en klem op die maatskappy kritiek eerder as op geloof of wetenskap, het die oorheersende kenmerke geword. Marx het belangriker as Christus geword. Demokratisering van die universiteit sodat die volk kan bepaal wat, hoe en deur wie geleer word, het die bestuur in wanorde gedompel. Teen 1980 het Marx sy relevansie verloor, maar die VU het ook sy geloof in sy grondslag ingeboet. Die Derde Wêreld en die behoeftes van die armes en onderdruktes het nou die sendingroeping vervang. Die ekumeniese beweging het die plek van die gereformeerde wêreld ingeneem. In 2003 is die grondslag, wat in die jare vyftig in doelstelling

verander is, vervang met ŉ nuwe missie-omskrywing. Die wetenskapsbeoefening is as enigste doel gestel en die Christelike grondslag is tot ŉ kantaantekening verskuif: die wetenskapsbeoefening behoort die Christelike tradisie van die VU in gedagte te hou.

Van Deursen se prikkelende beskrywing van hierdie sosiale transformasie is nie net op ŉ deeglike en omvattende bronnestudie gebaseer nie. Hy was lank aan die VU verbonde en het ŉ deel van die geskiedenis self beleef. Juis hierom is die boek met kritiese begrip geskryf, soos wat blyk uit sy finale uitspraak. Ten spyte van die radikale veranderinge, glo hy dat die VU nie alles prysgegee het nie. Dit probeer iets van ŉ eie karakter, ŉ *eie pretentie*, behou. Hierdie optimisme tem hy deur te erken dat die VU hom tussen twee pole bevind: aan die een kant tradisie (waarvan die minimum oorgebly het), en aan die ander die enorme druk om maar net nog ŉ regionale universiteit te word. Met ŉ duidelike sug spreek hy in sy twee slotsinne die hoop uit dat hierdie minimum tog behoue sal bly.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat